**<u>19 April 2026</u>**

**<u>Oggend diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 107:1,3; Ps. 107:10; Ps. 31:1,2,6; Ps. 68: 1,14; Ps. 149:1,4.

**<u>Lees:</u>** Rom. 8:31-39

**<u>Teks:</u>** Rom. 8:37

**<u>Tema:</u> Ons is verseker dat ons op grond van die liefde van God oorwinnaars is.**

***Oorwinning deur Christus se vryspraak***

Ons leef in die midde van 'n tyd waarin ons daagliks gekonfronteer word met stryd en oorlog. Die gelowige kinders van die Here weet egter dat oorlog en stryd nie iets is wat maat tussen verre lande plaasvind nie. Ons is daagliks ook gewikkel in ons stryd teen die bose aanslag van die Satan. Benewens die feit dat hy ons daagliks wil verlei weg van die Here af kla hy ons ook voortdurend aan van ons sonde. Die feit dat Christus egter aan die kruis vir ons gesterwe het, het ons van hierdie aanklagte verlos.

***Oorwinning deur Christus se liefde***

Die vryspraak wat ons van Christus ontvang het berus alleen in die liefde wat deur Christus aan ons openbaar is. Dit is in Christus wat die Vader se liefde vir ons as sy kinders sigbaar geword het. Hierdie liefde het Christus juis in sy lyde en sterwe aan openbaar, deur dat Hy die dood oorwin het. Sy oorwinning oor die dood verseker ons nou dat niks ons van sy liefde kan skei nie. daar is niks in die hemel of op die aarde, selfs in die diepte van die see wat sy liefde van ons kan wegneem nie.

***Oorwinning deur Christus se versekering***

Die liefde wat deur Christus aan ons openbaar is verseker ons nou dat ons meer as oorwinnaars is. Ons oorwinning oor die sonde in ons lewe berus nie in ons eie krag en mag nie, maar alleen deur sy verdienste. Die feit dat ons nou oorwinnaars is, gee ons ook sekerheid dat ons die ewige lewe het. Nou kan ons reeds uit hierdie oorwinning leef sodat ons in alles die Here kan verheerlik.

**<u>Aanddiens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 104:1,14,20; Ps. 68:9,13; Skr. 17:1,5,6;

**<u>Lees:</u>** Luk. 16:1-13; Son 42

**<u>Teks:</u>** Son 42.

**<u>Tema:</u> God gee ons stoflike dinge uit sy genade sodat ons as rentmeesters daarmee sal omgaan.**

***Die gawe van besittings.***

In hierdie Sondag afdeling word ons in die wet voor ons omgang met ons besittings gestel. Die dinge wat ons uit die hand van die Here ontvang het is nie uit ons self of vir ons self nie, maar is gawes uit sy hand. Hy stel die mens aan in sy skepping om as rentmeester daaroor te heers en dit te bestuur. Wanneer ons met die eiendom van die Here omgaan asof dit ons eie is en geen verantwoording aan Hom verskuldig is nie, is ons nie meer besig om die Here te dien nie. Alles wat ons het is sy eiendom wat Hy aan ons toevertrou.

***Die omgang met ons besittings.***

Die Here verbied nie net roof en diefstal nie, maar ook al die slinkse maniere wat mense bedink om die goed van hulle naaste vir hulle self in te palm. In die gelykenis wat Christus aan sy dissipels vertel word die teëstelling tussen die aardse en die hemelse dinge beklemtoon. Dit is ons sondige natuur om aardse besittings ter wille van ons self na te jaag. Dit gee gewoonlik aanleiding tot gierigheid en die verdraaiing van die reg. Maar as burgers van die hemelse koninkryk wil ons in alles ons aandag rig op die heerlikheid van God.

***Die diensbaarheid deur ons besittings.***

Om God te verheerlik het ons die roeping om onsself en ons besittings in diens van God se koninkryk te stel. Hy versorg ons met stoflike dinge sodat ons in die hierdie bedeling kan leef en kan werk, sodat ons deur alles die Naam van ons Hemelse Vader kan grootmaak. Op hierdie manier stel ons ook ons aardse besittings so in die Here se diens dat liefde tot God en ons naaste daardeur sal sigbaar word.